**6 Desember**

**Skrifgedeelte: Jeremia 1:4-19**
**Fokusgedeelte: Jeremia 1:4-9**

## God roep en rus toe

Ons land soek leiers, die kerk soek voorgangers om die waarheid te praat en die pad vorentoe aan te dui. In Jeremia se tyd het alles uitgeroep na iemand om voor te loop, die pad van die Here aan te wys. Ekonomies en staatkundig was alles aan die ineenstort. Mense lewe vir hulle selfgemaakte afgode terwyl die vyande lê en loer.

Dan praat die Almagtige God met ’n jongman: “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.” Hier is ’n paar belangrike woorde wat ons moet raaksien: God vorm lewe, Hy ken – weet omvattend alles van ’n mens, Hy hou sy kinders eenkant vir Hom (toewy, heilig). Hy stel aan in sy diens.

Die jongman, Jeremia, deins vir hierdie woorde terug: “Ek kan nie goedpraat nie, ek is te jonk.” Weer praat die Here: Jy het nie mooi gehoor nie, Jeremia: Ek het aan jou lewe gegee, Ek ken jou, Ek het jou geheilig en aangestel. Moenie sê jy is te jonk nie, Ek stuur jou, Ek beveel jou wat om te sê, Ek sal jou beskerm en red!

Toe het die Here Jeremia se mond aangeraak en gesê: “Ek het nou my woorde in jou mond gelê.”

Elke kind van God is geroep om profeet, priester en koning te wees. Wat is my verskoning om nie as profeet elke dag die Woord uit te dra nie? Watter redes gee ek om nie soos ’n priester te bid en te offer nie, of soos ’n koning oor die sonde te heers nie? Het die Here ’n fout gemaak om my te roep? Weet die Here dan nie van my omstandighede en my tekortkominge nie?

Nee, die Almagtige God maak nie foute nie. Hy het my laat lewe, Hy ken my allesomvattend. Hy het my vir Hom eenkant gesit. Hy roep my vandag en sal my toerus met die woorde in my mond.

*Sing: Psalm 138-1:4* *Ds. JP van der Walt (Strand)*